MEERKATNUUS

Belangrike datums

12 Maart 2018:	Hokkieproewe (Van Reede) (O/13) Seuns en Dogters
	Personeel vergadering
	Beheerliggaamverkiesing (Ouers) (18:00)
14 Maart 2018:	Detensie - M. Vorster
21 Maart 2018:	Menseregte dag
	Detensie - D. Grobler
22 Maart 2018:	SA Toutrek Kimberley 22 - 24 Maart 2018
23 Maart 2018:	Netheidinspeksie

Graad 4 - SW Geskiedenis Taak

Die Graad 4's hou museumuitstaling. Die museum bring hulle na die klas toe. Meer foto's hiervan kan gesien word op Facebook.

Jaarblad 2017

Daar is nog Jaarblaaie beskikbaar teen R60.

Laerskool Lauruspet Bestellings:

Ons het dit goed gedink om vir ons leerders pette te laat maak vir die warm somer. Hierdie pragtige pette kan bestel word teen R60 per pet. Bestelvorms is al reeds uitgegee aan die leerders.

Skaak

Die volgende leerders het op Saterdag, 24 Februarie 2018, deelgeneem aan die Oudtshoorn skaakproewe wat gehou is by Dysselsdorp Sekondêre Skool

1. Micheal Pieterse
2. Riana Lauw
3. Anton Louw
4. Oyama Khanyinzana

Pa en seun O/13 krieket

Laurus se O/13-span het teen die ouers gespeel op die "Rec". Die wedstryd was baie pret en ons het dit afgesluit met n braai na die wedstryd. Baie dankie aan al die ouers en SWD-krieket se ondersteuning.

Graad 3's maak tydlyne:

Die Graad 3 – leerders het as deel van die lewensvaardigheid-kurrikulum 'n persoonlike tydlyn gemaak. Hulle het foto's van die huis gebring wat die verskillende stadiums in hulle lewe uitbeeld van geboorte tot in Gr. 3.

Graad 2 Uitstappie

Die Graad 2 leerders was op 23 Februarie na De Krans wynplaas te Calitzdorp vir n uitstappie. Die leerders kon ervaar hoe rooiwyn gemaak word en kon vir hulle elkeen 'n tros druiwe pluk in die wingerd. Dit was n wonderlike ervaring

Geniet die naweek wat voorlê!

Meerkatnuus is ook elektronies beskikbaar op D6 en op ons webwerf(www.laerskoollaurus.co.za).

Atletiek:

Op Saterdag, 3 Maart, het twee van ons leerders aan die Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe deelgeneem. Voorwaar 'n groot prestasie. Farrel-Leigh Dido het sy Eden Kleure verwerf in hekkies en Debora Moolman in gewigstoot. Beide leerders is nog onder 10.

Tydens die Kampioenskappe het Debora Moolman 'n derde plek behaal en so 'n brons medalje verower. Wat 'n ongelooflike prestasie om algeheel derde te kom in die hele Wes-Kaap vir dogters 0/10 gewigstoot. Op 15 Maart vertrek sy Kaap toe om aan die S.A. Atletiekkampioenskappe te gaan deelneem. Ons wens haar alle voorspoed toe.

Jeugskou werkswinkel:

Saterdag, 3 Maart 2018, het 9 leerders van Laerskool Laurus aan die Jeugskou te George deelgeneem. Hulle het goed gevaar in die twee afdelings, kulinêre kuns en suiwelbereiding, waarin hulle gekompeteer het.

Meerkatnuus deur: Bernard Els